## 11 Mei                                                    Habakuk 2

### *Die Here gee aan jou lewe, al staar jy ondergang in die gesig*

Dit sou baie makliker gewees het om aan die Here getrou te bly as 'n mens kon sien hoe die ongelowige dadelik hulle verdiende loon kry. Maar nou lyk dit soms asof die Here mense seën wanneer hulle dinge doen wat verkeerd is (vgl. Hab. 1 en Ps. 73). Habakuk het daarmee geworstel. Daarom het hy op sy uitkyktoring gaan staan om op die Here se antwoord te wag. In sy antwoord sê die Here: Wie nie in die regte verhouding tot Hom staan en aan Hom getrou bly nie, sal sy verdiende loon kry. Sy dag van afrekening sal gewis kom, al neem dit ook lank om te gebeur. En Hy verduidelik dit met voorbeelde (2:6, 9, 12, 15, 19).

Maar wie deur die verdienste van Jesus Christus in die regte verhouding tot Hom staan, kry die belofte van lewe (vgl. Rom. 1:17). So wil die Here jou hoop op die toekoms brandend hou. Want as jy hoop, wag jy geduldig op Hom en op die volle vervulling van sy beloftes, al neem dit ook lank om te gebeur. Jy bly getrou aan Hom al staar jy ook tydelike ondergang in die gesig, omdat jy verder kyk as net hierdie lewe. Daarom kan jy saam met Asaf bely: "Die wat ver van U af is, gaan verlore. U vernietig die wat aan U ontrou is. Maar wat my aangaan: Dit is vir my goed om naby God te wees" (Ps. 73:27-28).

Sing: Psalm 73:10, 11, 12                    Ds. C. Krüger (Nelspruit)